

11 Februarie

Lukas 16:19-31, (Teks: 16:31)

Luister na die Here

Gelykenisse kan ons ook rolprente in woorde noem. In so 'n rolprent wil jy jou met een van die karakters vereenselwig. Des te meer met Lasarus. Nie met die ryk man nie, want jy het reeds die einde van die woord-rolprent gesien.

Gaan dit om ryk en arm? Rykdom op sigself is nie sonde nie. Drie persone in die Bybel is bewys daarvan: Abraham, Job, en Salomo. Armoede op sigself is nie altyd 'n deug nie. Waarom gaan dit in hierdie rolprent? Om verhoudings. Jou verhoudings met medemense sê of daar reeds 'n kloof tussen jou en God is. Want in die rykdom wat God jou gee kan jy so jouself in opgaan dat jy eintlik nie meer God se hulp (Lasarus) nodig het nie. En die Lasarusse lê eintlik elke dag by die voordeur. Elke dag bring God mense op ons pad om deur sy hulp (genade) net maar die krummels van sy rykdom te gee. Dis die rykdom van verlossing, van vergewing, van leiding, van alles wat ons geestelik en materieel ontvang. Ons het gesê jy kan daarmee in jou self opgaan. Jy kan die Lasarus by jou voordeur vergeet, ignoreer. Die kloof tussen jou en hulle wat God se hulp so dringend nodig het, so groot as moontlik probeer hou.

En op jou sterfdag word die kloof net onoorbrugbaar. Ja ook die kloof tussen jou en God. Hoe oorbrug jy nou reeds die kloof? Deur 'n wonder? Deur iemand wat uit die dood opstaan? Maar iemand het reeds opgestaan. Jesus Christus. Hy het die kloof, oorwin, jou met God versoen, jou deel gemaak van die rykdomme van sy genade. En Hy sê aan jou: Gaan lees die Bybel en leer hoe hierdie rykdomme deur jou lewenswyse aan die hulpbehoewendes (Lasarusse) uitgedeel word.

Sing: Psalm 7:2,3 Ds. C.A. Jansen (Bloemfontein-Suidheuwels)